- (a) een persoon wat deur die senaat van elke universiteit in die Republiek wat 'n fakulteit of onderafdeling daarvan of 'n departement van stads- of streeksbeplanning het en eksamens in artikel 20 (2) (b) bedoel,

- (b) it is intimated that it is proposed to make the provision in question with effect from a date specified in the notice, which shall be a date not earlier than four weeks as from the date of the notice; and
- (c) interested persons are invited to submit any objections to or representations concerning the proposed provision:

Provided that if the Minister thereafter decides on any alteration in the provision published as aforesaid, as a result of any objections or representations submitted in respect thereof, it shall not be necessary to publish such alteration before finally making the provision in terms of this section.

(3) In making provision in terms of this section, work performed in specified circumstances or for specified purposes or by or for specified persons or classes of persons or within or outside specified areas of classes of areas, may be excluded from the provisions thereof."

Substitution of section 12 of Act 19 of 1984

7. The following section is hereby substituted for section 12 of the Act:

"Reports to Minister and furnishing of information to town and regional planners, [and] town and regional planners in training and town and regional planning technicians.

12. The council shall in each year, within six months after the close of its financial year, submit to the Minister a report in connection with its functions during that financial year, together with a copy of the audited statement of income and expenditure and the balance sheet referred to in section 11 (3) in respect of that financial year, as well as a list of town and regional planners, [and] town and regional planners in training and town and regional planning technicians whose names appeared in the register on the last day of that financial year, and shall send to every town and regional planner, [and] town and regional planner in training and town and regional planning technician whose name so appeared in the register a copy of each of the said documents."

Amendment of section 15 of Act 19 of 1984

8. Section 15 of the Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Education Advisory Committee shall consist of the following members appointed by the Minister, namely—

- (a) one person nominated by the senate of every university in the Republic having a faculty or subdivision thereof or a department of town or regional planning and conducting examinations referred to in section

- afneem, benoem word en wat 'n professor of lektor in stads- of streekbeplanning aan daardie universiteit moet wees;
- (b) twee persone wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding benoem word; **[en]**
- (c) soveel persone wat gelyk in getal is aan die verskil in getal tussen die persone kragtens paragraaf (a) en dié kragtens paragraaf (b) aangestel, en wat deur die Minister gekies word uit 'n lys van name van stads- en streekbeplanners wat benoem word deur stads- en streekbeplannersinstitute; en
- (d) een persoon wat deur elke Technikon in die Republiek wat 'n departement of onderafdeling daarvan van stads- en/of streekbeplanning het, benoem word."

Invoeging van artikel 21A in Wet 19 van 1984

9. Die volgende artikel word hierby in die Wet na artikel 21 ingevoeg:

"Registrasie van stads- en streekbeplanningstegnici.

21A. (1) 'n Persoon wat begerig is om as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer te word, moet 'n skriftelike aansoek om sodanige registrasie by die raad indien op die wyse deur die raad voorgeskryf, en sodanige aansoek moet vergesel gaan van die voorgeskrewe registrasiegelde en sodanige inligting wat die raad verlang.

(2) Indien die raad na oorweging van so 'n aansoek oortuig is dat die aansoeker —

- (a) minstens 21 jaar oud is;
- (b) geslaag het in die voorgeskrewe eksamens, of eksamens wat die raad, na oorweging van enige advies of aanbevelings van die Adviserende Onderwyskomitee, vir die doeleindes van hierdie Wet erken;
- (c) die voorgeskrewe praktiese ondervinding van werk in stads- en streekbeplanning opgedoen het;
- (d) 'n lid is van enige instituut vir stads- en streekbeplanningstegnici, tensy die raad van oordeel is dat hy lidmaatskap van so 'n instituut sonder enige gegronde rede geweier is; en
- (e) met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, 'n geskikte persoon is om as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer te word,

moet die raad, behoudens die bepalings van subartikel (4), die aansoeker as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus registreer, en laat die raad so 'n persoon se naam in die register inskryf en 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan hom uitreik.

20 (2) (b) and who shall be a professor or lecturer in town or regional planning at such university;

- (b) two persons nominated by the Minister of National Education; **[and]**
- (c) as many persons as may be equal in number of the difference in number between the persons appointed under paragraph (a) and the persons appointed under paragraph (b), selected by the Minister from a list of names of town and regional planners nominated by town and regional planners' institutes; and
- (d) one person nominated by every Technikon in the Republic having a department or subdivision thereof of town and/or regional planning."

Insertion of section 21A in Act 19 of 1984

9. The following section is hereby inserted in the Act after section 21:

"Registration of town and regional planning technicians.

21A. (1) Any person who desires to be registered as a town and regional planning technician shall lodge with the council, in the manner prescribed by it, an application in writing for such registration, and such application shall be accompanied by the prescribed registration fee and such information as may be required by the council.

(2) If after consideration of such application the council is satisfied that the applicant —

- (a) is not less than 21 years of age;
- (b) has passed the prescribed examinations, or any examinations recognised by the council for the purposes of this Act after consideration of any advice or recommendations of the Education Advisory Committee;
- (c) has gained the prescribed practical experience of work in town and regional planning;
- (d) is a member of any town and regional planning technicians' institute, unless the council is of the opinion that he has, without any sound reason, been refused membership of such institute; and
- (e) with due regard to the provisions of this Act, is a suitable person for registration as a town and regional planning technician,

the council shall subject to the provisions of subsection (4) register the applicant as a town and regional planning technician, and cause any such person's name to be entered in the register and a certificate of registration in the prescribed form to be issued to him.

(3) 'n Persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet—

- (a) die eksamens bedoel in subartikel (2) (b) geslaag het; of
- (b) besig was met die uitvoering van stads- en streekbeplanningswerk vir 'n tydperk van minstens drie jaar wat na die oordeel van die raad van bevredigende aard is,

kan, binne 12 maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet of sodanige verdere tydperk wat die raad toelaat, 'n skriftelike aansoek om registrasie as stads- en streekbeplanningstegnikus by die raad indien op die wyse deur die raad voorgeskryf en die raad moet, behoudens die bepalinge van subartikel (4), en by verstrekking van die inligting wat die raad verlang en teen betaling van die voorgeskrewe gelde, so 'n persoon wat na die oordeel van die raad aan die vereistes van subartikel (2) (e) voldoen as stads- en streekbeplanningstegnikus registreer, en laat sy naam in die register inskryf en laat 'n registrasiesertifikaat in die voorgeskrewe vorm aan hom uitreik.

(4) Die raad registreer nie ingevolge die bepalinge van hierdie artikel 'n persoon as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus nie—

- (a) indien daardie persoon te eniger tyd weens onbehoorlike gedrag uit 'n vertrouensamp onthef is of weens 'n misdryf waarvan oneerlikheid 'n element is, skuldig bevind is en ten opsigte daarvan tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of tot 'n boete van minstens R200 gevonnissen is: Met dien verstande dat indien die raad ten opsigte van 'n persoon wat onderworpe is aan 'n onbevoegdheid bedoel in hierdie paragraaf, oortuig is dat, met inagneming van al die tersaaklike oorwegings, die registrasie van so 'n persoon in belang van billikheid teenoor hom geregverdig is, die raad, op die voorwaardes wat die raad bepaal, so 'n persoon as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus kan registreer;
- (b) indien daardie persoon volgens die reg as 'n geestesongestelde persoon aangehou word; of
- (c) indien die naam van daardie persoon uit die register geskrap is uit hoofde van 'n straf hom kragtens hierdie Wet opgelê.

(5) Die raad moet die registrasie van 'n persoon as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus intrek indien daardie persoon—

- (a) ingevolge subartikel (4) (a) of (b) onbevoeg word om as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer te word;

(3) Any person who at the commencement of this Act—

- (a) has passed the examinations referred to in subsection (2) (b); or
- (b) was engaged in the performance of work in town and regional planning for a period of not less than three years which in the opinion of the council is of a satisfactory nature,

may, within 12 months from the commencement of this Act or such further period as the council may allow, lodge with the council in the manner prescribed by it an application in writing for registration as a town and regional planning technician and the council shall, subject to the provisions of subsection (4), and upon such information as the council may require being furnished and upon payment of the prescribed fees, register as a town and regional planning technician any such person who in its opinion complies with the requirements of subsection (2) (e) and shall cause his name to be entered in the register and a certificate of registration in the prescribed form to be issued to him.

(4) The council shall not register any person as a town and regional planning technician in terms of the provisions of this section—

- (a) if such person has at any time been removed from an office of trust on account of improper conduct or has been convicted of an offence involving an element of dishonesty and sentenced in respect thereof to imprisonment without the option of a fine or to a fine of at least R200: Provided that if the council is satisfied, in respect of any person who is subject to a disqualification referred to in this paragraph, that with due regard to all the relevant considerations, the registration of such a person is justified in the interest of fairness towards him, the council may, on such conditions as the council may determine, register such a person as a town and regional planning technician;
- (b) if such person is according to law detained as a mentally ill person; or
- (c) if the name of that person has been removed from the register by virtue of any punishment imposed upon him under this Act.

(5) The council shall withdraw the registration as a town and regional planning technician of any person if that person—

- (a) becomes disqualified in terms of subsection (4) (a) or (b) from being registered as a town and regional planning technician;

(b) per abuis as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer is of aldus geregistreer is op grond van inligting wat daarna bewys word vals te wees;

(c) versuim om jaargelde of 'n gedeelte daarvan wat kragtens artikel 9 (1) (f) voorgeskryf en deur hom betaalbaar is, te betaal binne 60 dae nadat sodanige gelde of gedeelte daarvan betaalbaar word of binne die verdere tydperk wat die raad, hetsy voor of na die verstryking van bedoelde 60 dae, in 'n bepaalde geval toelaat.

(6) Die raad moet op skriftelike versoek van 'n stads- en streekbeplanningstegnikus sy naam uit die register skrap: Met dien verstande dat waar 'n ondersoek na beweerde onbehoorlike gedrag deur so 'n stads- en streekbeplanningstegnikus aan die gang is of gehou staan te word, sodanige skraping nie gedoen word alvorens daardie ondersoek afgehandel is nie.

(7) Behoudens die bepalings van subartikel (4) moet die raad op aansoek by hom 'n persoon wat voorheen ingevolge hierdie artikel as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer was en wie se registrasie ingevolge subartikel (5) (c) ingetrek is, as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus registreer indien hy die voorgeskrewe registrasiegelde en enige agterstallige jaargelde of gedeelte daarvan wat kragtens artikel 9 (1) (f) voorgeskryf is, tesame met enige uitgawe van die raad aangegaan in verband met die verhaal van agterstallige gelde, betaal het.

(8) 'n Persoon was as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer is, kan homself as 'n stads- en streekbeplanningstegnikus beskryf en is geregtig om sy status aan te dui of bekend te maak deur vir alle doeleindes van die betiteling SST (SA) agter sy naam gebruik te maak."

Wysiging van artikel 22 van Wet 19 van 1984

10. Artikel 22 van die Wet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Persoon wie se registrasie as 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus kragtens die bepalings van hierdie Wet ingetrek is of wie se naam kragtens genoemde bepalings uit die register geskrap is, moet sy registrasiesertifikaat aan die registrateur terugbesorg binne 30 dae vanaf die datum waarop hy deur die registrateur, by skriftelike kennisgewing deur die pos gestuur, gelas word om dit te doen, tensy hy die registrateur oortuig dat die sertifikaat verlore geraak het of vernietig is, indien dit die geval is, of hy weer ingevolge artikel 20 (7) geregistreer is."

(b) has erroneously been registered as a town and regional planning technician or has been so registered on information subsequently proved to be false;

(c) fails to pay any annual fee or a portion thereof prescribed under section 9 (1) (f) and payable by him, within 60 days after such fee or portion thereof becomes payable or within such further period as the council may, either before or after the expiration of the said 60 days, in any particular case allow.

(6) The council shall at the written request of any town and regional planning technician remove his name from the register: Provided that where an inquiry into alleged improper conduct by such a town and regional planning technician is in progress or to be held, such removal shall not be made until that inquiry has been conducted.

(7) Subject to the provisions of subsection (4), the council shall on application to it register as a town and regional planning technician any person who was previously registered as a town and regional planning technician in terms of this section and whose registration has been withdrawn in terms of subsection (5) (c), if he has paid the prescribed registration fee and any arrear annual fee or portion thereof prescribed under section 9 (1) (f), together with any expenses incurred by the council in connection with the recovery of any arrear fees.

(8) A person who is registered as a town and regional planning technician may describe himself as a town and regional planning technician and shall be entitled to indicate his status or to make it known by using for all purposes the title TRPT (SA) after his name."

Amendment of section 22 of Act 19 of 1984

10. Section 22 of the Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A person whose registration as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician has been withdrawn under the provisions of this Act or whose name has under the said provisions been removed from the register, shall return his certificate of registration to the registrar within 30 days from the date upon which he is ordered by the registrar by notice in writing transmitted by post to do so, unless he satisfies the registrar that the certificate has been lost or destroyed, if such is the case, or he is again registered under section 20 (7)."

Wysiging van artikel 23 van Wet 19 van 1984, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 20 van 1988

11. Artikel 23 van die Wet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Behoudens die bepalings van artikel 10 (3) is ’n persoon wat nie as ’n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer is nie en wat—

- (a) teen vergoeding enige soort werk verrig wat kragtens artikel 10 (1) vir stads- en streekbeplanners, **[of]** stads- en streekbeplanners-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnici voorbehou is; of
- (b) homself voordoen of op enige wyse hoegenaamd uitgee of toelaat dat hy uitgegee word as ’n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus of die naam van stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus gebruik of enige naam, titel, beskrywing of simbool wat aandui of daarop bereken is om die indruk by persone te wek dat hy ingevolge hierdie Wet as ’n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer is,

aan ’n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met ’n boete van hoogstens R2 000.”

Vervanging van artikel 24 van Wet 19 van 1984

12. Artikel 24 van die Wet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“24. ’n Stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus is skuldig aan onbehoorlike bedrag indien hy—

- (a) werk verrig van ’n soort wat kragtens artikel 10 (1) vir stads- en streekbeplanners, **[of]** stads- en streekbeplanners-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnici voorbehou is in verband met ’n aangeleentheid wat die onderwerp van ’n geskil of regsding uitmaak of kan uitmaak, op voorwaarde dat betaling vir sodanige werk sal geskied slegs indien die geskil of regsding gunstig verloop vir die persoon vir wie die werk verrig word;

Amendment of section 23 of Act 19 of 1984, as amended by section 4 of Act 20 of 1988

11. Section 23 of the Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Subject to the provisions of section 10 (3), a person not registered as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician who—

- (a) for reward performs any kind of work reserved for town and regional planners, **[or]** town and regional planners in training or town and regional planning technicians under section 10 (1); or
- (b) pretends to be or by any means whatsoever holds himself out or allows himself to be held out as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician or uses the name of a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician or uses any name, title, description or symbol indicating or calculated to lead persons to infer that he is registered as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician in terms of this Act,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R2 000.”

Substitution of section 24 of Act 19 of 1984

12. The following section is hereby substituted for section 24 of the Act:

“24. A town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician shall be guilty of improper conduct if he—

- (a) performs work of a kind reserved for town and regional planners, **[or]** town and regional planners in training or town and regional planning technicians under section 10 (1) in connection with any matter which is the subject of a dispute or litigation, on condition that payment for such work will be made only if such dispute or litigation ends favourably for the person for whom such work is performed;
- (b) performs work of a kind reserved for town and regional planners, **[or]** town and regional planners in training or town and regional planning technicians under section 10 (1) during any period in respect of which he has been suspended under this Act;

- (b) werk verrig van 'n soort wat kragtens artikel 10 (1) vir stads- en streekbeplanners, **[of]** stads- en streekbeplanners-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnici voorbehou is gedurende 'n tydperk waartydens hy kragtens hierdie Wet geskors is;
- (c) in die geval van 'n stads- en streekbeplanner-in-opleiding of 'n stads- en streekbeplanningstegnikus, 'n beperking of voorwaarde wat uit hoofde van die bepalinge van artikel 21 (3) of 21A onderskeidelik ten opsigte van hom van toepassing is, oortree of versuim om daaraan te voldoen;
- (d) behalwe met die toestemming van die raad, wetens werk van 'n soort wat vir stads- en streekbeplanners, **[of]** stads- en streekbeplanners-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnici kragtens artikel 10 (1) voorbehou is, aan 'n ander persoon as 'n stads- en streekbeplanner opdra;
- (e) 'n misdryf by die verrigting van sy werk as 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus begaan;
- (f) besoldiging van 'n ander persoon as sy kliënt of werkgewer ontvang vir die verrigting van werk van 'n soort wat vir stads- en streekbeplanners, **[of]** stads- en streekbeplanners-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnici, na gelang van die geval, kragtens artikel 10 (1) voorbehou is;
- (g) 'n vereiste vervat in 'n kragtens artikel 28 (1) (c) uitgevaardigde reël oortree of versuim om daaraan te voldoen; of
- (h) hom strydig met 'n in kragtens artikel 28 (1) (d) uitgevaardigde reël gedra."

Wysiging van artikel 25 van Wet 19 van 1984

13. Artikel 25 van die Wet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die raad kan ondersoek instel na gevalle van onbehoorlike gedrag waaraan 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus geregistreer is, hom na bewering skuldig gemaak het terwyl hy aldus geregistreer was en kan ten opsigte daarvan, indien bewese bevind, een of meer van die volgende strawwe opleë, naamlik—

- (a) 'n waarskuwing of 'n berisping of 'n berisping en 'n waarskuwing;
- (b) 'n boete van hoogstens **[R500]** R5 000;
- (c) skorsing vir 'n bepaalde tydperk van hoogstens een jaar om in die Republiek die werk van 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus, na gelang van die geval, te verrig; of

- (c) in the case of a town and regional planner in training or a town and regional planning technician, contravenes or fails to comply with any restriction or condition applicable in respect of him by virtue of the provisions of section 21 (3) or 21A respectively;
- (d) except with the consent of the council, knowingly entrusts to any person other than a town and regional planner work of a kind reserved for town and regional planners, **[or]** town and regional planners in training or town and regional planning technicians under section 10 (1);
- (e) commits an offence in the performance of his work as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician;
- (f) accepts remuneration from any person other than his client or employer for the performance of work of a kind reserved for town and regional planners, **[or]** town and regional planners in training or town and regional planning technicians, as the case may be, under section 10 (1);
- (g) contravenes or fails to comply with any requirement contained in a rule made under section 28 (1) (c); or
- (h) conducts himself contrary to a rule made under section 28 (1) (d)."

Amendment of section 25 of Act 19 of 1984

13. Section 25 of the Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The council may inquire into cases of improper conduct of which a person who is registered in terms of this Act as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town or regional planning technician is alleged to have been guilty while so registered, and may impose in respect thereof, if found proved, one or more of the following penalties, namely—

- (a) a caution or reprimand or a reprimand and a caution;
- (b) a fine not exceeding **[R500]** R5 000;
- (c) suspension for a specified period not exceeding one year to perform in the Republic work of a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician; or

(d) intrekking van sy registrasie as stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus, na gelang van die geval, en die skraping van sy naam uit die register:

Met dien verstande dat in die geval van beweerde onbehoorlike gedrag wat die onderwerp van straf- of sivilregtelike verrigtinge in 'n geregshof uitmaak of ten opsigte waarvan die raad rede het om te vermoed dat dit waarskynlik so 'n onderwerp sal uitmaak, die raad die ondersoek kan uitstel totdat sodanige verrigtinge afgehandel is.”;

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die vryspreking of die skuldigbevinding van 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus deur 'n geregshof op 'n strafregtelike aanklag, belet nie dat stappe kragtens hierdie Wet op 'n aanklag van onbehoorlike gedrag teen hom ingestel word nie, selfs al sou die feite uiteengesit in die aanklag van onbehoorlike gedrag, indien dit bewys sou word, die misdryf uitmaak wat uiteengesit is in die strafregtelike aanklag waarop hy aldus vrygespreek of skuldig bevind is of 'n ander misdryf waaraan hy by sy verhoor op bedoelde strafregtelike aanklag skuldig bevind kon gewees het.”;

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Indien die onbehoorlike gedrag waarvan die stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus aangekla word, neerkom op 'n misdryf waaraan hy deur 'n geregshof skuldig bevind is, is 'n gesertifiseerde afskrif van die notule van sy verhoor en skuldigbevinding deur daardie hof, nadat sodanige stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus geïdentifiseer is as die persoon wat in die notule genoem word, voldoende bewys dat hy sodanige misdryf begaan het, tensy die skuldigbevinding deur 'n hoër hof tersyde gestel is: Met dien verstande dat die aangeklaagde stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus die reg het om getuienis aan te voer dat hy in werklikheid verkeerdlik skuldig bevind is.”.

Vervanging van artikel 27 van Wet 19 van 1984

14. Artikel 27 van die Wet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Skorsing in hul werksaamhede van stads- en streekbeplanners, **[en]** stads- en streekbeplanners-in-opleiding en stads- en streekbeplanningstegnici wat geestesongesteld geraak het.

(d) withdrawal of his registration as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician, as the case may be, and the removal of his name from the register:

Provided that in the case of alleged improper conduct which forms or which the council has reason to believe is likely to form the subject of criminal or civil proceedings in a court of law, the council may postpone the inquiry until proceedings have been determined.”;

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) The acquittal or the conviction of a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician by a court of law upon a criminal charge shall not be a bar to proceedings against him under this Act on a charge of improper conduct, even if the facts set forth in the charge of improper conduct would, if proved, constitute the offence set forth in the criminal charge on which he was so acquitted or convicted or any other offence of which he might have been convicted at his trial on the said criminal charge.”;

(c) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) If the improper conduct with which the town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician is charged amounts to an offence of which he has been convicted by a court of law, a certified copy of the record of his trial and conviction by that court shall, upon the identification of such town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician as the person referred to in the record, be sufficient proof of the commission by him of such offence, unless the conviction has been set aside by a superior court: Provided that it shall be competent for the town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician charged to adduce evidence that he was in fact wrongly convicted.”.

Substitution of section 27 of Act 19 of 1984

12. The following section is hereby substituted for section 27 of the Act:

“Suspension from their functions of town and regional planners, **[and]** town and regional planners in training and town and regional planning technicians who have become mentally ill.

27. (1) Wanneer dit uit beëdigde inligting vir die raad blyk dat 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus in so 'n mate geestesongesteld geraak het dat dit in stryd met die openbare belang sou wees om hom toe te laat om aan te hou om werk in stads- en streekbeplanning te verrig, kan die raad na goeddeunke ten opsigte van sodanige stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus 'n ondersoek *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van artikel 26 hou.

(2) Indien die raad bevind dat sodanige stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus aldus geestesongesteld geraak het, kan die raad vir 'n vasgestelde tydperk sy skorsing in sy werksaamhede as stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus, na gelang van die geval, beveel.

(3) Die raad kan die geldingstydperk van 'n bevel kragtens hierdie artikel uitgereik, vir 'n deur die raad bepaalde tydperk verleng of so 'n bevel intrek."

Wysiging van artikel 28 van Wet 19 van 1984, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 48 van 1987

15. Artikel 28 van die Wet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(c) wat die vereistes voorskryf waaraan stads- en streekbeplanners, **[of]** stads- en streekbeplanners-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnici by die verrigting van werk in stads- en streekbeplanning moet voldoen;"

(b) deur paragraaf (d) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(d) wat gedrag (benewens gedrag in artikel 24 bedoel) voorskryf wat onbehoorlike gedrag vir 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus uitmaak;"

(c) deur paragraaf (e) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(e) wat die metode voorskryf waarvolgens bewerings van onbehoorlike gedrag deur 'n stads- en streekbeplanner, **[of]** stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus ondersoek moet word;"

27. (1) When it appears to the council from information on oath that any town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician has become mentally ill to such an extent that it would be contrary to the public interest to allow him to continue to perform work in town and regional planning, the council may in its discretion hold an inquiry *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of section 26 in respect of such town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician.

(2) If the council finds that such town and regional planner in training or town and regional planning technician has so become mentally ill, the council may order for a specified period his suspension from his functions as a town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician, as the case may be.

(3) The council may extend for any period determined by it the period of operation of, or withdraw, any order made under this section."

Amendment of section 28 of Act 19 of 1984, as amended by section 3 of Act 48 of 1987

13. Section 28 of the Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

"(c) prescribing the requirements with which town and regional planners, **[or]** town and regional planners in training or town and regional planning technicians shall comply in the performance of work in town and regional planning;"

(b) by the substitution for paragraph (d) of subsection (1) of the following paragraph:

"(d) prescribing conduct (in addition to conduct referred to in section 24) constituting improper conduct for any town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician;"

(c) by the substitution for paragraph (e) of subsection (1) of the following paragraph:

"(e) prescribing the method of inquiry into allegations of improper conduct by any town and regional planner, **[or]** town and regional planner in training or town and regional planning technician;"

Wysiging van artikel 31 van Wet 19 van 1984

16. Artikel 31 van die Wet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf (a) van subartikel (1) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(1) 'n Persoon wat hom veronreg voel deur 'n weiering deur die raad om hom ingevolge die bepalings van hierdie Wet as 'n stads- en streekbeplanner, [of] stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus, na gelang van die geval, te registreer, of deur 'n besluit deur die raad gedoen by die uitoefening van die raad se bevoegdhede kragtens artikel 25 of 27, kan te eniger tyd nadat hy van daardie weiering of besluit bewus geword het, maar nie later nie as—”.

Wysiging van artikel 34 van Wet 19 van 1984

17. Artikel 34 van die Wet word hierby gewysig deur paragraaf (b) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) is die bepalings van hierdie Wet *mutatis mutandis* van toepassing in genoemde gebied ten opsigte van die registrasie van 'n persoon as 'n stads- en streekbeplanner, [of] stads- en streekbeplanner-in-opleiding of stads- en streekbeplanningstegnikus.”.

Kort titel

18. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Stads- en Streekbeplanners, 1993, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(10 Julie 1992)

KENNISGEWING 605 VAN 1992**KANTOOR VAN DIE KOMMISSARIS VAN BINNELANDSE INKOMSTE****GEWETENSGELD**

Hierby word die ontvangs erken van die volgende bedrae wat anoniem aan die Ontvanger van Inkomste, Bloemfontein, gestuur is:

Datum van ontvangs: 8 Mei 1992.

Bedrag: R2 500.

(10 Julie 1992)

KENNISGEWING 606 VAN 1992**KANTOOR VAN DIE KOMMISSARIS VAN BINNELANDSE INKOMSTE****GEWETENSGELD**

Hierby word die ontvangs erken van die volgende bedrae wat anoniem aan die Ontvanger van Inkomste, Port Elizabeth, gestuur is:

Datum van ontvangs: 12 Mei 1992.

Bedrag: R40.

(10 Julie 1992)

Amendment of section 31 of Act 19 of 1984

14. Section 31 of the Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph (a) of subsection (1) of the following words:

“(1) Any person who feels aggrieved by a refusal by the council to register him as a town and regional planner, [or] town and regional planner in training or town and regional planning technician, as the case may be, in terms of the provisions of this Act, or by a decision made by the council in the exercise of the council's powers under section 25 or 27, may at any time after he became aware of that refusal or decision, but not later than—”.

Amendment of section 34 of Act 19 of 1984

15. Section 34 of the Act is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of the following paragraph:

“(b) the provisions of this Act shall apply *mutatis mutandis* in the said territory in respect of the registration of any person as a professional town and regional planner, [or] town and regional planner in training or town and regional planning technician.”.

Short title

16. This Act shall be called the Town and Regional Planners Amendment Act, 1993, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(10 July 1992)

NOTICE 605 OF 1992**OFFICE OF THE COMMISSIONER FOR INLAND REVENUE****CONSCIENCE MONEY**

The receipt of the following amounts, sent anonymously to the Receiver of Revenue, Bloemfontein, is hereby acknowledged:

Date of receipt: 8 May 1992.

Amount: R2 500.

(10 July 1992)

NOTICE 606 OF 1992**OFFICE OF THE COMMISSIONER FOR INLAND REVENUE****CONSCIENCE MONEY**

The receipt of the following amounts, sent anonymously to the Receiver of Revenue, Port Elizabeth, is hereby acknowledged:

Date of receipt: 12 May 1992.

Amount: R40.

(10 July 1992)

KENNISGEWING 607 VAN 1992**SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK**ARTIKEL 30 VAN DIE WET OP DEPOSITO-
NEMENDE INSTELLINGS, 1990FINALE REGISTRASIE: ISLAMITIESE BANK
BEPERK

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat **Islamitiese Bank Beperk** op 30 Junie 1992, finaal geregistreer is as 'n depositonemende instelling.

(10 Julie 1992)

NOTICE 607 OF 1992**SOUTH AFRICAN RESERVE BANK**SECTION 30 OF THE DEPOSIT-TAKING
INSTITUTIONS ACT, 1990

FINAL REGISTRATION: ISLAMIC BANK LIMITED

It is hereby notified for general information that **Islamic Bank Limited** was finally registered as a deposit-taking institution on 30 June 1992.

(10 July 1992)

KENNISGEWING 610 VAN 1992 • NOTICE 610 OF 1992**VOORLOPIGE OPGAWE VAN HANDELSTATISTIEK VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VRYGESTEL DEUR DIE KOMMISSARIS VAN DOEANE EN AKSYNS****PRELIMINARY STATEMENT OF TRADE STATISTICS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA RELEASED BY THE COMMISSIONER FOR CUSTOMS AND EXCISE**

Opmerking: Die in- en uitvoersyfers wat in hierdie opgawe verskyn is grootliks aangepas om dit in ooreenstemming te bring met die vereistes wat gestel word vir die opstel van die betalingsbalans.

L.W.: Die oorskakeling na die Geharmonieëerde Tariefstelsel met ingang van 1 Januarie 1988 het die indeling van sekere kommoditeite verander. Wanneer die afdelingstotale vir 1988 en later jare dus met dié van vorige jare vergelyk word, moet die moontlike verskille as gevolg van die oorskakeling nie uit die oog verloor word nie.

Remark: The import and export figures reflected in this statement have been adjusted largely to bring them into line with the requirements for the compilation of the balance of payments.

N.B.: The change-over to the Harmonized Tariff System with effect from 1 January 1988, altered the classification of certain commodities. When comparing the section totals for 1988 and later years with those of previous years the possible differences due to the change-over should therefore be taken into consideration.

TYDPERK: JANUARIE TOT MEI 1992 • PERIOD: JANUARY TO MAY 1992

	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1992	1991	1992	1991
Totaal in miljoene Rand—Total in millions of Rand	20 142,1	19 538,0	27 260,2	27 990,3

TABEL B: TOTALE IN MILJOEN RAND VOLGENS AFDELINGS VAN DIE GEHARMONIEËRDE STELSEL
TABLE B: TOTALS IN MILLION RAND ACCORDING TO SECTIONS OF THE HARMONIZED SYSTEM

Afdelings—Sections	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1992	1991	1992	1991
I. Lewende diere; dierlike produkte Live animals; animal products	131,0	81,5	292,4	240,8
II. Plantaardige produkte Vegetable products	586,7	487,3	1 051,1	835,4
III. Dierlike of plantaardige vette en olies en splitsprodukte; voorbereide spysvette; dierlike en plantaardige wasse Animal or vegetable fats and oils and their cleavage products; prepared edible fats; animal and vegetable waxes	163,7	103,9	58,3	42,0
IV. Voorbereide voedsel; drank, spiritus en asyn; tabak en vervaardigde tabaksurrogate Prepared foodstuffs; beverages, spirits and vinegar; tobacco and manufactured tobacco substitutes	487,0	415,4	795,9	661,6
V. Minerale produkte Mineral products	214,1	216,5	3 280,1	2 734,4
VI. Produkte van die chemiese of verwante nywerhede Products of the chemical or allied industries	2 260,2	2 203,9	1 370,4	926,1
VII. Plastieke en artikels daarvan; rubber en artikels daarvan Plastics and articles thereof; rubber and articles thereof	914,8	901,7	280,9	189,6

Afdelings—Sections	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1992	1991	1992	1991
VIII. Ongelooide huide en velle, leer, pelsvelle en artikels daarvan; saal- en tuemakersware; reisartikels, handsakke en dergelike houers; artikels van diereiderm (uitgesonderd sywurmsnaar) Raw hides and skins, leather, furskins and articles thereof; saddlery and harness; travel goods handbags and similar containers; articles of animal gut (other than silk-worm gut)	86,1	93,8	165,2	141,2
IX. Hout en artikels van hout; houtskool; kurk en artikels van kurk; fabrikate van strooi, van esparto of van ander vlegwerkstowwe; mandjiewerk en vlegwerk Wood and articles of wood; wood charcoal; cork and articles of cork; manufactures of straw; of esparto or of other plaiting materials; basketware and wickerwork	167,4	154,9	155,7	145,8
X. Pulp van hout of van ander veselagtige sellulosiese stof; afval en oorskiet van papier of papierbord; papier en papierbord en artikels daarvan Pulp of wood or of other fibrous cellulosic material; waste and scrap of paper or paperboard; paper and paperboard of paper or paperboard; paper and paperboard and articles thereof	562,6	552,8	630,9	641,0
XI. Tekstiele en tekstielartikels Textiles and textile articles	1 039,0	965,7	731,1	768,5
XII. Skoeisel, hoofdeksels, sambrele, sonsambrele, wandelstokke, sitstokke, swepe, karwatse en onderdele daarvan; bereide vere en artikels daarvan gemaak; kunsblomme; artikels van mensehaar Footwear, headgear, umbrellas, sun umbrellas, walking-sticks, seat-sticks, whips, riding-crops and parts thereof; prepared feathers and articles made therewith; artificial flowers; articles of human hair	114,6	103,1	18,8	10,8
XIII. Artikels van klip, gips, sement, asbes, mika of dergelike stowwe; keramiese produkte; glas en glasware Articles of stone, plaster, cement, asbestos, mica or similar materials; ceramic products; glass and glassware	271,9	247,0	133,0	110,6
XIV. Natuurlike of gekweekte pèrels, edel- of halfedelstene, edelmetale, metale met edelmetale bedek, en artikels daarvan; nagemaakte juweliersware; muntstukke Natural or cultured pearls, precious or semi-precious stones, precious metals, metals clad with precious metal and articles thereof; imitation jewellery; coin	150,7	144,1	3 117,6	2 725,6
XV. Onedelmetale en artikels van onedelmetaal Base metals and articles of base metal	963,7	919,4	3 839,8	3 813,1
XVI. Masjinerie en meganiese toestelle; elektriese toerusting; onderdele daarvan; klankopnemers en -weergewers; televisie- beeld- en klankopnemers en -weergewers, en onderdele en bybehoorsels van sodanige artikels Machinery and mechanical appliances; electrical equipment; parts thereof; sound recorders and reproducers, television image and sound recorders and reproducers, and parts and accessories of such articles...	6 100,2	5 636,7	727,2	578,2
XVII. Voertuie, lugvaartuie, vaartuie en verwante vervoertoerusting Vehicles, aircraft, vessels and associated transport equipment	2 443,9	2 451,8	747,5	487,3
XVIII. Optiese, fotografiese, kinematografiese, meet-, kontroleer-, presisie-, mediese of chirurgiese instrumente en aparate; uurwerke en horlosies; musiekinstrumente; onderdele en bybehoorsels daarvan Optical, photographic, cinematographic, measuring, checking, precision, medical or surgical instruments and apparatus; clocks and watches; musical instruments, parts and accessories thereof	882,8	797,0	65,6	53,4
XX. Diverse vervaardigde artikels Miscellaneous manufactured articles	214,7	196,2	110,3	91,5
XXI. Kunswerke, versamelaarsstukke, en antieke Works of art, collectors' pieces and antiques	10,5	8,4	6,3	6,3
Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaansuiwerings Other unclassified goods and balance of payments adjustments	2 376,5	2 856,9	9 682,1	12 787,1
Groototaal—Grand total	20 142,1	19 538,0	27 260,2	27 990,3

KENNISGEWING 611 VAN 1992**VERGADERINGS VAN PARLEMENTÊRE
KOMITEES GEDURENDE RESES**

DINSDAG, 7 JULIE 1992

Raadskomitee oor Openbare Rekenings (Raad van
Verteenwoordigers).

- (f) om vir die toepassing van paragraaf (e) op sy koste 'n meter wat die totale hoeveelheid water afmeet wat uit 'n boorgat, fontein of ander natuurlike waterbron verkry en op die perseel gebruik word, te verskaf en te onderhou;
- (g) versoek om 'n chemiese ontleding soos vervat in artikel 10 aan die Raad op eie koste voor te lê; en
- (h) versoek om inligting soos vervat in Aanhangsel I skriftelik te voorsien.

(2) The Council may, by notice served on the owner or occupier of any premises from which industrial effluent is discharged, require him without prejudice to any other provision of these by-laws to do all or any of the following:

- (a) To subject the effluent before it is discharged to the sewer, to such pre-treatment as will ensure that it at no time will fail to conform in all respects with the requirements of section 10 or to modify the effluent cycle of the industrial process to an extent and in such a manner as in the opinion of the Council is necessary to enable any sewage treatment works receiving the said effluent, whether under the control of the Council or not, to produce treated effluent complying with any standards which may be laid down in respect of such works in terms of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended;
- (b) to restrict the discharge of effluents to certain specified hours and the rate of discharge to a specified maximum and to install at his own expense such tanks, appliances and other equipment as in the opinion of the Council may be necessary or adequate for compliance with the said restrictions;
- (c) to install a separate drainage installation for the conveyance of industrial effluent and to discharge the same into the sewer through a separate connection as directed by the Council, and to refrain from discharging the said effluent, through any drainage installation intended or used for the conveyance of domestic sewage or from discharging any domestic sewage through the said separate installation for industrial effluent;
- (d) to construct at his own expense in any drainage installation conveying industrial effluent to the sewer one or more inspection sampling or metering chambers of such dimensions and materials and in such positions as the Council may prescribe;
- (e) to provide all such information as may be required by the engineer to enable him to assess the charges payable in terms of the tariff;
- (f) for the purpose of paragraph (e), to provide and maintain at his own expense a meter measuring the total quantity of water drawn from any borehole, spring or other natural source of water and used on the property;
- (g) to submit at own costs a chemical analysis as described in section 10 to the Council;
- (h) to submit written information as described in Appendix I.

(3) (a) As iemand strydig met enige bepaling van hierdie verordeninge, fabrieksuitvloei- sel in 'n straat- riool ontlas of veroorsaak of toelaat dat die ontlas word of op die punt staan om dit te doen, kan die ingenieur, as hy van mening is dat die uitvloei- sel skade mag berokken aan enige riool, meganiese toestel, rioolwatersuiweringswerke of rioolplaas of -proses, na- dat hy die eienaar of okkupant van die betrokke per- seel in kennis gestel het van sy voornememe om dit te doen, onverwyld die perseelriool wat sodanige uitvloei- sel na die straatriool wegvoer vir sodanige tydperk as wat hy dienstig ag, sluit en afdig ten einde te voorkom dat sodanige uitvloei- sel die straatriool binnegaan.

(b) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige skade wat deur enige stap wat ingevolge paragraaf (a) gedoen word, meegebring word nie.

(c) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die ingenieur die seël van 'n straatriool wat inge- volge paragraaf (a) gesluit en afgedig is, oopmaak of breek of veroorsaak of toelaat dat dit gedoen word nie.

Afmeet en vasstel van die hoeveelheid fabrieks- uitvloei- sel

9. (1) Die Raad kan, op 'n plek wat hy aanwys, in enige perseelrioolstelsel wat fabrieksuitvloei- sel na 'n straatriool wegvoer, enige meter of ander toestel aan- bring met die doel om die volume of samestelling van die genoemde uitvloei- sel daarmee te bepaal, en iemand wat so 'n meter of ander toestel uitskakel, oop- maak, oopbreek of op 'n ander manier daarmee peuter of dit beskadig, begaan 'n misdryf: Met dien verstande dat die Raad na goeddunke met iemand wat fabrieks- uitvloei- sel in die straatriool ontlas, 'n ooreenkoms kan aangaan waarby 'n ander metode vir die vasstel van die hoeveelheid uitvloei- sel aldus ontlas, bepaal word.

(2) Die Raad het die reg om enige sodanige meter of toestel soos hierbo genoem, op koste van die eienaar van die perseel waarop dit aangebring word, aan te bring en te onderhou.

(3) Die eienaar van enige perseel waarop enige boorgat geleë is wat gebruik word om 'n watertoevoer vir bedryfs- of nywerheidsdoeleindes te verskaf, moet—

- (a) sodanige boorgat by die Raad registreer;
- (b) volledige besonderhede van die lewering van die boorgat aan die Raad verstrek; en
- (c) as die Raad rede het om die betroubaarheid van die besonderhede wat verstrek is, in twyfel te trek, op sy koste sodanige toetse in verband met die lewering van die boorgat uitvoer wat na die Raad se mening vir die doeleindes van hier- die verordeninge nodig is.

Verbode ontlasting

10. (1) Niemand mag rioolwater, fabrieksuitvloei- sel of ander vloeistof of stof in enige straatriool ontlas of veroorsaak of toelaat dat dit daarin ontlas word of daar- in beland nie, tensy sodanige rioolwater, fabrieksuit- vloei- sel of ander stof aan die volgende standarde vol- doen nie:

- (a) Temperatuur: hoogstens 45 °C.
- (b) pH: Minstens 6,0 en hoogstens 10,0.

(3) (a) If any person in contravention of any provi- sion of these by-laws discharges industrial effluent into a sewer, or causes or permits it to be so discharged or is about to do so, the engineer may, if he is of the opinion that such effluent is likely to cause damage to any sewer, mechanical appliance, sewage treatment works or sewage farm or process, forthwith after notify- ing the owner or occupier of the premises concerned of his intention to do so, close and seal off the drain con- veying such effluent to the sewer for such period as he may deem expedient so as to prevent such effluent from entering the sewer.

(b) The Council shall not be liable for any damage occasioned by any action taken in terms of paragraph (a).

(c) No person shall without the written permission of the engineer open or break the seal of a drain closed and sealed off in terms of paragraph (a) or cause or permit this to be done.

Metering and assessment of industrial effluent

9. (1) The Council may incorporate, in such position as it shall determine in any drainage installation con- veying industrial effluent to a sewer, any meter or gauge or other device for the purpose of ascertaining the volume or composition of the said effluent, and it shall be an offence for any person to by-pass, open, break into or otherwise interfere with or to damage any such meter, gauge or other device: Provided that the Council may at its discretion enter into an agreement with any person discharging industrial effluent into the sewer, establishing an alternative method of assessing the quantity of effluent so discharged.

(2) The Council shall be entitled to install and main- tain any such meter, gauge or device as aforesaid at the expense of the owner of the premises on which it is installed.

(3) The owner of any premises on which there is situated any borehole used for a water supply for trade or industrial purpose shall—

- (a) register such borehole with the Council;
- (b) provide the Council with full particulars of the discharge capacity of the borehole; and
- (c) if the Council has reason to doubt the reliability of the particulars given, carry out at the expense of the owner such tests on the discharge capacity of the borehole as may, in the opinion of the Council, be necessary for the purpose of these by-laws.

Prohibited discharges

10. (1) No person shall discharge or cause or per- mit the discharge or entry into any sewer of any sewage, industrial effluent or other liquid or substance unless such sewage, industrial effluent or any sub- stance of whatsoever nature comply with the following standards:

- (a) Temperature: Not exceed 45 °C.
- (b) pH: Within the range 6,0–10,0.

- (c) Elektriese geleidingsvermoë: Hoogstens 500 mS/m by 20 °C.
- (d) Bytende alkaliniteit (as CaCO₃): Hoogstens 2 000 mg/l.
- (e) Vette, olies, ghries en soortgelyke stowwe wat onoplosbaar is in water by 80 °C: Hoogstens 1 000 mg/l.
- (f) Stowwe wat in petroleum-eter oplosbaar is: Hoogstens 500 mg/l.
- (g) Sulfiedes (as S): Hoogstens 50 mg/l.
- (h) Stowwe wat blousuurgas kan vrystel (as HCN): Hoogstens 20 mg/l.
- (i) Formaldehide (as HCHO): Hoogstens 50 mg/l.
- (j) Nie-organiese vaste stowwe in suspensie: Hoogstens 100 mg/l.
- (k) Chemiese suurstofbehoefte: Hoogstens 5 000 mg/l.
- (l) Alle suikers of stysels, gesamentlik uitgedruk as glukose: Hoogstens 1 500 mg/l.
- (m) Beskikbare chloor (uitgedruk as Cl): Hoogstens 100 mg/l.
- (n) Sulfate (uitgedruk as SO): Hoogstens 1 800 mg/l.
- (o) Fluoorhoudende verbindings (uitgedruk as F): Hoogstens 5 mg/l.
- (p) Anioniese oppervlakte-aktiveerders: Hoogstens 500 mg/l.
- (q) Die volgende metale: Yster (as Fe), chroom (as Cr), koper (as Cu), nikkel (Ni), sink (Zn), silwer (Ag), kobalt (as Co), wolfram (as W), titaan (as Ti), kadmium (as Cd), lood (as Pb), selenium (as Se), kwik (as Hg), arseen (as As), en boor (B): Hoogstens 5 mg/l elk.
- (r) Radioaktiewe afvalstowwe: 'n Konsentrasie wat die Atoom-Energie Korporasie of enige staatsdepartement mag bepaal:
- (s) Indien dit enige stof van watter aard ook al bevat wat na die mening van die ingenieur—
- (i) nie vir behandeling by die rioolwatersuiweringswerke vatbaar is nie, of wat die Raad se rioolwatersuiweringsproses ontwig of kan ontwig of dit strem of kan strem; of
- (ii) van so 'n aard is of slegs dermate gesuiver kan word dat dit verhoed dat die finale gesuiverde uitvloeisel van die rioolwatersuiweringswerke nie behoorlik in alle opsigte voldoen aan enige vereiste wat ingevolge die bepalings van die Waterwet, 1956 (Wet 56 van 1956), gestel word nie.
- (2) Die Raad pas die toetse toe wat hy goedvind om die konsentrasie van enige stof wat hierbo genoem word, te bepaal. Indien daar 'n dispuut oor die konsentrasie wat deur die Raad bepaal word, sou ontstaan word 'n monster deur die Raad in teenwoordigheid van die betrokke party geneem, verseël en aan die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde oorhandig om die nodige ontleding te doen, met dien verstande dat sodanige ontleding deur die S.A Buro vir Standaarde uitsluitlik op die koste van voormelde betrokke party sal plaasvind en verder met dien verstande dat sodanige bevindinge van die S.A. Buro vir Standaarde op alle partye bindend sal wees.
- (c) Electrical conductivity: Not greater than 500 mS/m at 20 °C.
- (d) Caustic alkalinity (expressed as CaCO₃): Not greater than 2 000 mg/l.
- (e) Substances not in solution (including fat, oil, grease, waxes and like substances) in water at a temperature of 80 °C: Not greater than 1 000 mg/l.
- (f) Substances soluble in petroleum ether: Not greater than 500 mg/l.
- (g) Sulphides (expressed as S): Not greater than 50 mg/l.
- (h) Substances from which hydrogen cyanide can be liberated (expressed as HCN): Not greater than 20 mg/l.
- (i) Formaldehyde (expressed as HCHO): Not greater than 50 mg/l.
- (j) Non-organic solids in suspension: Not greater than 100 mg/l.
- (k) Chemical oxygen demand (COD): Not greater than 5 000 mg/l.
- (l) All sugars and/or starch (expressed as glucose): Not greater than 1 500 mg/l.
- (m) Available chlorine (expressed as Cl): Not greater than 1 800 mg/l.
- (n) Sulphates (expressed as SO): Not greater than 1 800 mg/l.
- (o) Fluorine-containing compounds (expressed as F): Not greater than 5 mg/l.
- (p) Anionic surface active agents: Not greater than 500 mg/l.
- (q) The following metals: Iron (expressed as Fe), chromium (expressed as CrO₃), copper (expressed as Cu), nickel (expressed as Ni), zinc (expressed as Zn), silver (expressed as Ag), cobalt (expressed as Co), tungsten (expressed as W), titanium (expressed as Ti), cadmium (expressed as Cd), lead (expressed as Pb), selenium (expressed as Se), mercury (expressed as Hg), arsenic (expressed as As), Boron (expressed as B): Not greater than 5 mg/l.
- (r) Radio-active wastes: Such concentration as may be laid down by the Atomic Energy Board or any State Department;
- (s) If it contains any substance of whatsoever nature which in the opinion of the engineer:
- (i) is not amenable to treatment at the sewage treatment works, or which causes or may cause a breakdown or inhibition of the normal sewage treatment processes; or
- (ii) is of such nature as is or may be amenable to treatment only to such degree as to prevent the final treated effluent from the sewage treatment works from satisfactorily complying in all respects with any requirements imposed in terms of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956).
- (2) The method of testing in order to ascertain the concentration of any substance here mentioned shall be the test normally used by the Council for the purpose. Any person discharging any substance referred to in this Appendix shall ascertain the details of the appropriate test from the Council.

(3) Die Raad kan van tyd tot tyd of te eniger tyd vanweë enige verandering in die omstandighede wat voortspruit uit 'n wysiging in die rioolwatersuiweringsmetode of die instel van nuwe of hersiene of strenger of ander standaarde deur die Raad of ingevolge die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), of as gevolg van enige wysiging van hierdie verordeninge of vanweë enige ander rede, enige vergunning wat verleen is of enige voorwaarde by sodanige vergunning hersien, wysig, verander of herroep en/of nuwe voorwaardes stel vir die ontvangs van enige fabrieksuitvloeisel in die straatriool, of die ontlasting van enige of al sodanige uitvloeisel in die straatriool verbied deur skriftelik vooraf afdoende kennis te gee van sy voorneme om dit te doen, en by die verstryking van sodanige kennisgewingstydperk word daar beskou dat die vorige vergunning of voorwaardes, na gelang van die geval, verval het, en die nuwe of gewysigde voorwaardes, indien daar is en na gelang van die geval, is dan onverwyld van toepassing.

(4) (a) Iemand wat 'n skriftelike opdrag van 'n beampte wat deur die Raad behoorlik daartoe gemagtig is, ontvang om die ontlasting in die straatriool van enige stof wat in subartikel (1) genoem word, te staak, moet sodanige ontlasting onmiddellik staak.

(b) Iemand wat die bepalings van subartikel (1) oortree of nie gevolg gee aan 'n opdrag wat hy ingevolge paragraaf (a) ontvang nie, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande en, in die geval van 'n voortgesette misdryf, met 'n boete van hoogstens R250 vir elke dag of gedeelte van 'n dag waarop sodanige misdryf voortduur.

(c) Ondanks die bepalings van paragraaf (b), kan die Raad, indien iemand nie gevolg gee aan 'n opdrag wat ingevolge paragraaf (b) aan hom beteken is nie en die ontlasting na die Raad se mening die behoorlike funksionering van enige rioolwatersuiweringswerke waarskynlik ernstig kan benadeel, na verdere skriftelike kennisgewing weier om toe te laat dat enige fabrieksuitvloeisel in die straatriool ontlast word tot tyd en wyl die fabrieksuitvloeisel in alle opsigte van die Raad se vereistes soos in hierdie verordeninge voorgeskryf, voldoen, en in daardie geval moet die persoon wat vir die ontlasting verantwoordelik is, dit onverwyld staak of, as hy versuim om dit te doen, moet die Raad dit doen.

Verhaling van onkoste

11. Behoudens die Raad se regte ingevolge artikel 10 (4) (c), kan hy al die koste, onkoste en geld wat hy as gevolg van enige van of al die volgende redes aangegaan het of sal aangaan, op enigiemand verhaal wat enige fabrieksuitvloeisel of enige stof wat ingevolge artikel 10 verbied of beperk word of waarvoor daar 'n kennisgewing ingevolge artikel 8 (2) uitgereik is, in 'n perseelriool of 'n straatriool ontlast:

(a) Die besering van mense, beskadiging van die straatriool of enige rioolwatersuiweringsuitrusting of meganiese toestel of enige eiendom hoe-

(3) Due to any change in circumstances arising from a change in the method of sewage treatment or the introduction of new or revised or stricter or other standards by the Council or in terms of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), or as a result of any amendment to these by-laws or due to any other reason the Council may from time to time or at any time review, amend, modify or revoke any permission given or any conditions attached to such permission and/or impose new conditions for the acceptance of any industrial effluent into the sewer or prohibit the discharge of any or all of such effluent to the sewer on giving adequate written notice in advance or its intention to do so, and on the expiration of such period of notice the previous permission or conditions, as the case may be, shall be regarded as having fallen away and the new or amended conditions, if any, as the case may be, shall forthwith apply.

(4) (a) Any person receiving from an official duly authorized thereto by the Council a written order instructing him to stop the discharge to the sewer of any substance referred to in subsection (1), shall forthwith stop such discharge.

(b) Any person who contravenes the provisions of subsection (1) or who fails to comply with any order issued in terms of paragraph (a), shall be guilty of an offence and shall, on conviction, be liable to a fine not exceeding R1 000 or imprisonment for a period not exceeding twelve months and, in the case of a continuing offence, to a fine not exceeding R250 for each day or part of a day during which such offence continues.

(c) Notwithstanding the provisions of paragraph (b), should any person have failed to comply with the terms of an order served in terms of paragraph (b) and such discharge is likely in the opinion of the Council to seriously prejudice the efficient operation of any sewage treatment works, the Council may, after further written notice, refuse to permit the discharge of any industrial effluent into the sewer until such time as the industrial effluent complies in all respects with the council's requirements as prescribed in terms of these by-laws, in which event the discharge shall forthwith be stopped by the person responsible for the discharge or by the Council in the event of his failure to do so.

Recovery of costs

11. Without prejudice to its rights in terms of section 10 (4) (c), the Council shall be entitled to recover from any person who discharges to a drain or sewer any industrial effluent or any substance, which prohibited or restricted in terms of section 10 or which has been the subject of an order issued in terms of section 8 (2) all costs, expenses or charges incurred or to be incurred by the Council as a result of any or all of the following:

(a) Injury to persons, damage to the sewer or any sewage treatment works or mechanical appliances or to any property whatsoever, as the

genaamd, wat te wyte is aan die onklaarraking, hetsy gedeeltelik of geheel, van enige rioolwatersuiweringssuïtrusting of meganiese toestel, of dit nou al onder die beheer van die Raad is of nie; of

- (b) 'n vervolging kragtens die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, of 'n aksie wat teen hom ingestel word ten gevolge van enige gedeeltelike of gehele onklaarraking van enige rioolwatersuiweringssuïtrusting of meganiese toestel wat regstreeks of onregstreeks aan genoemde ontlasting te wyte is, met inbegrip van boetes of skadevergoeding wat hy ten gevolge van die vervolging of aksie moet betaal.

result of the breakdown, either partial or complete, of any sewage treatment plant or mechanical appliance, whether under the control of the Council or not; or

- (b) any costs including fines and damages which may be imposed or awarded against the Council and any expense incurred by the Council as a result of the prosecution in terms of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, or any action against it consequent on any partial or complete breakdown of any sewage treatment plant or mechanical appliance caused directly or indirectly by the said discharge.

AANHANGSEL I

AANSOEKVORM: VERGUNNING OM FABRIEKSUITVLOEISEL IN DIE RAAD SE STRAATRIOOL TE ONTLAS

Ek (naam), die ondergetekende, wat behoorlik gemagtig is om op te tree ten behoeve van hierna die aansoeker genoem, doen hierby ingevolge die bepalings van die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Raad aansoek om vergunning om fabrieksuïtvloeiisel op die grondslag van die besonderhede wat hierin uiteengesit word, in die Raad se straat riool te ontlaas.

DEEL I

BESONDERHEDE MET BETREKKING TOT GETAL WERKNEMERS EN HOEVEELHEID WATER WAT OP DIE PERSEEL VERBRUIK WORD

- 1. Aard van die betrokke besigheid of nywerheid
- 2. Naam waaronder die besigheid of nywerheid bedryf word
- 3. Adres van die besigheid of nywerheid.....
..... Posbus

Standplaas/Standplase No. Dorp.....

As die besigheid of nywerheid deur 'n maatskappy bedryf word, verstrek die naam van die sekretaris, en as dit 'n vennootskap is, die name van die vennote

- 4. Beskrywing van die nywerheids- of bedryfsproses waardeur die uitvloeiisel sal ontstaan

5. Gegewens betreffende werknemers: *Kantoor/Fabriek*

- (1) Totale getal dagwerknemers [uitgesonderd (4)]
- (2) Getal skofte wat per dag gewerk word
- (3) Getal dae wat per week gewerk word
- (4) Getal mense wat op die perseel woonagtig is
- (5) Word daar 'n eetplek verskaf?

6. Gegewens betreffende die waterverbruik: *Kiloliter/Maand*

- (1) Benaderde gemiddelde hoeveelheid water wat per maand van die Raad gekoop word vir verbruik op die perseel
- (2) Benaderde gemiddelde hoeveelheid water wat per maand uit enige boorgat of ander bron verkry word
- (3) Hoeveelheid water in die eindproduk
- (4) Hoeveelheid water wat verdamp
- (5) Hoeveelheid aanvulwater wat vir die stoomketels gebruik is
- (6) Word water op die perseel vir enige van die volgende doeleindes gebruik en indien wel, vir watter: verkoeling, die reiniging van gerei, die was van vloere en enige ander nywerheidsdoeleindes, en word dié water daarna in die straat riool ontlaas?

- (7) As die antwoord op die vraag in paragraaf 6 (6) bevestigend is, moet Deel II van hierdie vorm ingevul word.

.....
Aansoeker se handtekening

DEEL II

GEGEWENS BETREFFENDE DIE VERBRUIK VAN WATER

1. Die volgende inligting is nodig ten einde die hoeveelheid fabrieksuitvloei sel wat in die Raad se straatrool ont las word, te kan beraam, en alle syfers wat verstrek word, moet betrekking hê op die hoeveelheid water wat oor 'n tydperk van ses maande afgemete is:

Naam van verbruiker of sy verteenwoordiger:

.....
 Standplaas No. Dorp

TOTALE GETAL KILOLITER WATER WAT IN SES MAANDE VERBRUIK IS

	Meter No.	Meter No.	Meter No.	Totaal
Water van die Raad gekoop				
Water uit boorgat of ander bron				
Grondstofwater				
Gedeelte van inrigting waar waterverbruik gemeet word				
Totale hoeveelheid water verbruik				

2. Vir die doel van hierdie beraming kan die totale getal kiloliter water wat in ses maande vir enige van ondergenoemde doeleindes verbruik is, buite rekening gelaat word.

(1) Water wat personeel vir huishoudelike doeleindes verbruik het:

	Getal	Skofte per dag	Dae per week	Volume toege laat per kiloliter per persoon per dag	Totaal
Dagwerknemers (uitgesonderd inwoners)					
Kantoor					
Fabriek					
Inwoners					
Blankes					
Nie-Blankes					
Eetplek					
Totale hoeveelheid water verbruik (in kiloliter)					

(2) Water wat vir stoomketels gebruik is:

	Stoomketel 1	Stoomketel 2	Stoomketel 3	Totaal
Tipe stoomketel				
Ontwerpaanslag $\frac{\text{kg stoom/uur}}{\text{kilowatt}}$				
Ure onder stoom per maand				
Totale hoeveelheid wat per maand verdamp				
Kondensaat teruggevoer (in kiloliter)				

	Stoomketel 1	Stoomketel 2	Stoomketel 3	Totaal
Persentasie kondensaat nie teruggevoer nie en in straatriool ontlas				
Steenkool verbrand—kg per maand.....				
Water gebruik vir natmaak van steenkool (in kiloliter)..				
Water gebruik om as te blus (in kiloliter)				
Hoeveelheid aftapwater (in kiloliter)				
Word aftapwater in straatriool ontlas?				
Hoeveelheid terugspoelwater uit versagter per maand (in kiloliter)				
Totale hoeveelheid water verbruik (in kiloliter)				

(3) Water wat in ses maande opgeneem is deur die goedere wat op die perseel vervaardig is:

- (a) Uitgedruk as 'n persentasie van die totale hoeveelheid water wat verbruik is, min hoeveelheid toegelaat vir verbruik deur personeel.
- (b) Uitgedruk as kiloliter per ses maande, wat in voltooide produk aanwesig is*:
 - (i)
 - (ii)
 - (iii) kiloliter per ses maande
 - (iv)
 - (v)

(4) Kiloliter water wat in ses maande in die atmosfeer verdamp het:

	1	2	3	Totaal
Tipe toring				
Hoeveelheid water in ses maande gesirkuleer (in kiloliter)				
Daling in temperatuur (°C)				
Beraamde verlies deur verdamping (in kiloliter) Afgemete hoeveelheid water na koeltorings gevoer (in kiloliter).....				
Hoeveelheid koelmiddel gesirkuleer in ses maande (in kiloliter).....				
Totale hoeveelheid water wat verdamp het (in kiloliter)				

(5) Hoeveelheid water wat in ses maande om allerlei redes verlore gegaan het:

- (a)
 - (b)
 - (c)
- Totale hoeveelheid afgetrek (in kiloliter)..... Groot totaal van hoeveelheid wat ingevolge subparagrafe (1) tot (5) van hierdie paragraaf afgetrek moet word.....
- *Voorbeeld: Seepfabriek: Geelseep, 4 000 metrieke ton vervaardig met 'n voginhoud van 50 persent -water in produk 2 000 kiloliter (in ses maande).

3. Beraamde hoeveelheid proseswater wat in straatriool ontlast is (bereken deur die totale hoeveelheid water wat afgetrek mag word—soos dit in subparagrafe (1) tot (5) van paragraaf 2 aangegee word—af te trek van die totale hoeveelheid water wat verbruik is, soos in paragraaf 1 aangedui).

ONDERTEKEN:

.....
Deur of namens Aansoeker

.....
Deur of namens Ingenieur

DATUM:

DEEL III

GEGEWENS BETREFFENDE DIE AARD VAN DIE FABRIEKSUITVLOEISEL

Gegewens betreffende die chemiese en fisiese eienskappe van die uitvloeisel wat ontlast gaan word:

- (1) Maksimum temperatuur van uitvloeisel °C
- (2) pH-waarde..... pH.....
- (3) Aard van, en hoeveelheid besinkbare vaste stowwe.....
- (4) Permanganaatwaarde (4 uur) bepaal volgens die metode wat in die toepaslike aangesel by die Riolerings- en Loodgietersverordeninge voorgeskryf word
- (5) Maksimum totale hoeveelheid daaglikse ontlast (kiloliter)
- (6) Maksimum ontlastempo (kiloliter/uur).....
- (7) Tydperke van maksimum ontlasting (07:00 tot 08:00).....
- (8) As enige van die stowwe, of die soute daarvan, wat in die tabel aangegee word, op die perseel gevorm word, moet 'n kruisie in die ruimte waarin die stof aangegee word, getrek word, en as dit moontlik is, moet die gemiddelde konsentrasie van hierdie stof wat waarskynlik in enige uitvloeisel aanwesig sal wees, ook aangegee word.

TABEL

Yster	Chroom	Nikkel	Kadmium	Koper	Sink
Silwer	Kobalt	Wolfram	Titaan	Lood	Selenium
Kwik	Arseen	Boor	Sianied	Nitrate	
Ammonium	Sulfiede	Sulfate	Ander	Ghries en olie	
Stysel of suiker		Teer of teerolie		Ander	
Sintetiese reinigings- middels		Vlugtige oplosmid- dels			

- (9) Alle verdere gegewens betreffende soort of eienskappe, chemiese samestelling en konsentrasies wat eie is aan die fabrieksuitvloeisel moet op 'n afsonderlike vel verstrek en hierby aangeheg word.

DEEL IV

VOORWAARDES WAAROP FABRIEKSUITVLOEISEL ONTVANG WORD

Hierdie aansoek word slegs toegestaan as die aansoeker hom verbind om die volgende bedinge en voorwaardes en alle verdere spesiale voorwaardes wat die ingenieur in 'n bepaalde geval dienstig ag, na te kom, en daar word geag dat hy, uit hoofde van sy handtekening hieronder, hom aldus verbind het:

1. Die aansoeker moet beskrywings en 'n opgawe van die afmetings van die vet- en olievangs, siwwe, vergunnings- en neutraliseertens en van enige ander voorsiening wat hy gemaak het om die fabrieksuitvloeisel te behandel alvorens dit in die straatriool ontlast word, hierby aanheg.
2. Die aansoeker moet, as hy aldus versoek word, aan die Raad planne voorlê waarop die water- en fabrieksuitvloeisel-netwerk op sy perseel aangetoon word.
3. Die aansoeker moet, benewens sy verpligting om te voldoen aan die bepalinge van die Raad se Rioleringsverordeninge wat betrekking het op die beveiliging van sy werknemers teen besering, en van die straatriole en suiweringswerke teen beskadiging, gevolg gee aan enige opdrag betreffende sodanige beveiliging wat die ingenieur mondelings of skriftelik aan hom gee om toe te sien dat die aansoeker aan die genoemde verordeninge voldoen.
4. Die aansoeker moet so gou doenlik nadat hy bewus geword het van enige ingrypende verandering in die aard of hoeveelheid of die ontlasting van die fabrieksuitvloeisel wat in hierdie aansoek uiteengesit word, of van die gegewens wat hy hierin verstrek het, of minstens 14 dae voordat enigiets gedoen word om sodanige ingrypende verandering teweeg te bring, die Raad daarvan in kennis stel.
5. Die aansoeker moet binne 30 dae nadat hierdie aansoek onderteken is, 'n goedgekeurde streng verteenwoordigende monster van minstens vyf liter van die fabrieksuitvloeisel wat in die straatriool ontlast gaan word, en wat geen huishoudelike rioolwater mag bevat nie verkry, en die helfte daarvan vir ontleding aan die Raad voorlê, voorts moet hy 'n verslag oor die monster deur 'n ontleder wat die ingenieur aangewys het, aan die ingenieur voorlê: Met dien verstande dat die Raad in die geval van 'n nuwe nywerheid die tydperk wat in hierdie reël voorgeskryf word, met hoogstens ses maande of sodanige verdere tydperke wat die Raad na goëddunke van tyd tot tyd skriftelik kan toelaat, kan verleng.
6. Die aansoeker verklaar en waarborg hierby dat die gegewens wat hy in hierdie vorm of andersins in verband met hierdie aansoek verstrek het, volgens sy hele kennis en oortuiging in alle opsigte juis is.

7. Die aansoeker aanvaar dat genoemde gegewens, wat in alle opsigte juis is, die grondslag vorm waarop die Raad hierdie aansoek toestaan.

Aldus op hierdie dag van 19 in deur die aansoeker onderteken.

.....
Handtekening en hoedanigheid van aansoeker

Ek, die ondergetekende, wat behoorlik daartoe gemagtig is, verleen hierby namens die Raad vergunning dat die fabrieksuitvloeiende soos dit in hierdie vorm beskryf is, en in die omstandighede wat daarin uiteengesit is, ooreenkomstig die Raad se Riolerings- en Loodgietersverordeninge in die Raad se straatriool ontlast kan word: Met dien verstande dat die Raad hierdie vergunning te eniger tyd volkome na goedgevoel kan intrek na verstryking van 'n redelike kennisgewingstermyn wat vermeld word in 'n skriftelike kennisgewing aan die aansoeker. Die genoemde vergunning word voorts op die volgende spesiale voorwaardes verleen:

ONDERTEKEN:
Ingenieur

AANHANGSEL II

AANSOEKFORM VIR VERGUNNING OM TOESTELLE VIR DIE POMP VAN RIOOLWATER AAN TE BRING

Op persele waar dit onmoontlik is om al die sanitêre toebehore deur swaartekrag in 'n aansluitriool te laat ontlast, oorweeg die Raad aansoeke om die pomp van rioolwater ten opsigte van daardie gedeeltes van 'n perseel waarvan die sanitêre toebehore nie deur swaartewerking ontlast kan word nie.

In die geval van enkelkelderverdiepings word oorweging geskenk aan die gebruik van sanitêre toebehore op die grondverdieping.

In alle gevalle waar die pomp van rioolwater toegelaat word, bepaal die ingenieur die ontlastempo, wat gewoonlik beperk word tot hoogstens 240 liter per minuut.

GEGEWENS WAT DIE EIENAAR MOET VERSTREK

Die eienaar van die perseel moet die volgende gegewens verstrek, die toepaslike stukke en kenkromme indien en die aansoek en verbintenis onderteken:

- Fabriek van toestel, naam van leweransier en doel waarvoor die toestel ontwerp is
- kW-ontwerpvermoë en spoed van motor
- Maksimum ontlastempo in liter per minuut
- Grootte van styghoofleiding en snelheid van ontlasting
- Inhoudsmaat en afmetings van opgaartenk—diepte moet aangegee word as vloeistofdiepte onder straatriool
- Beskrywings van gereedheidstoerusting, outomatiese reëlaars, waarskustelsels, asook ander toepaslike gegewens

Enige aangeleentheid betreffende aansluiting by die elektriese krag en die skakelbord word na die Direkoraat Ingenieursdienste verwys en moet deur daardie Direkoraat goedgekeur word.

Die ingenieur kan vereis dat die eienaar 'n sleutel verskaf sodat die raad se werknemers te alle tye toegang tot die meganiese toestel kan hê.

AANSOEK EN VERBINTENIS DEUR EIENAAR

Ek, die ondergetekende, doen hierby aansoek om meganiese toestelle vir die pomp van rioolwater aan te bring en aanvaar sonder voorbehoud die volgende voorwaardes en verbind my om my daarby te hou:

- Die maksimum ontlastempo mag hoogstens liter per minuut wees.
- Die eienaar van die perseel is daarvoor verantwoordelik om die toestel gereeld te laat versien en dit te alle tye in 'n higiëniese en doeltreffend werkende toestand te onderhou. Alle herstel- of vervangingswerk moet onmiddellik verrig word sodat onderbrekings in die werking daarvan tot die minimum beperk word.
- In die geval van onklaarraking vanweë watter oorsaak ook al, moet die eienaar onmiddellik maatreëls tref om toe te sien dat onhigiëniese toestande nie ontstaan nie.
- Die Raad is nie aanspreeklik vir enige skade of eise wat voortspruit uit onhigiëniese toestande, onklaarraking van toestelle, ondoeltreffende werking, ontploffings of ander oorsake nie.
- Raadwerknemers moet te alle tye ongehinderd toegang tot die toestel vir ondersoekdoeleindes hê.

ONDERTEKEN: AANSOEKER..... EIENAAR

ERF No. DORP

DATUM.....

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Hierdie aansoek word toegestaan en vergunning word hierby verleen om die beoogde meganiese toestelle vir die pomp van rioolwater op onderstaande voorwaardes (indien daar is) aan te bring:

VOORWAARDES:

DATUM:

ONDERTEKEN:

Ingenieur

AANHANGSEL III

KOSTE VIR DIE GEBRUIK VAN DIE RAAD SE RIOLE

DEEL I

BASIESE KOSTE

R

Waar enige stuk grond met of sonder verbeterings, by enige straatriool aangesluit is, of na die mening van die Raad daarby aangesluit kan word, moet die geregistreerde eienaar van daardie grond, behalwe waar anders vermeld aan die Raad die koste betaal soos hieronder gespesifiseer:

1. (a)	Woonhuise (uitsluitende industriële erwe voor konsolidasie van titel) per maand	11,70
	Met dien verstande dat, in gevalle waar meer as een sodanige stuk grond <i>bona fide</i> vir woon-doeleindes gebruik word en 'n totale oppervlakte van hoogstens 0,8565 ha beslaan, in verband met een woning, die maandelikse gelde dan te staan kom op hoogstens.....	11,70
(b)	Onverbeterde nywerheidserwe, per 15,24 m of gedeelte daarvan, aan frontbreedte, met uitsluiting van geregistreerde deurgangsregte, per maand	19,50
2.	Grond waarop geboue vir ander doeleindes as woondoeleindes bestaan en nie anders geklassifiseer is nie, per 15,24 m of gedeelte daarvan, aan frontbreedte, met uitsluiting van geregistreerde deurgangsregte, per maand:	19,50
	Met dien verstande—	
(a)	dat in die geval van terreine, afgebaken vir woondoeleindes en met woonhuise en geboue vir ander doeleindes daarop, die Raad die terreinfront moet bepaal waarop die koste ten opsigte van sodanige ander geboue gebaseer moet word;	
(b)	dat enige terrein wat onder hierdie reël in berekening gebring word, nie daarbenewens ook onder reël 1 ten opsigte van dieselfde terrein in berekening gebring mag word nie;	
(c)	dat geen koste hierkragtens R78 per maand te bowe sal gaan nie;	
(d)	dat in gevalle waar een gebou oor meer as een erf, gedeelte van 'n erf, perseel of stuk grond van dieselfde eienaar gebou is, die totale frontbreedte van sodanige terreine bymekaar getel en as een frontbreedte gereken moet word.	
3.	Hospitale, verpleeg- en herstelinstellings:	
(a)	Vir iedere bed beskikbaar vir pasiënte gedurende die vorige kalenderjaar, bereken volgens die maandelikse gemiddelde van beddens, per maand	5,20
(b)	Vir iedere personeellid en bediende, inwonend en nie-inwonend, bereken volgens die maandelikse gemiddelde aantal persone in diens gedurende die vorige kalenderjaar, per maand	5,20
4.	Tronk:	
(a)	Vir iedere 10 gevangenes of gedeelte daarvan, bereken op die daaglikse gemiddelde aantal gevangenes gedurende die voorafgaande kalenderjaar gehuisves, per maand	5,20
(b)	Vir iedere personeellid, inwonend of nie-inwonend, bereken volgens die maandelikse gemiddelde aantal persone in diens gedurende die vorige kalenderjaar, per maand	3,25
5.	Kerke met inbegrip van sale op dieselfde perseel, wat geen inkomste lewer nie, per maand.....	19,50
6.	Sale, waarvan inkomste verkry word, per maand.....	19,50
7.	Staatskantore, met uitsluiting van persele van Spoornet, vir iedere Staatsdepartement per maand:	
	Hoofkantore.....	78,00
	Takkantore	19,50
8.	Persele van Spoornet:	
(a)	Vir iedere woning of huisie, hetsy vrystaande al dan nie, per maand.....	3,90
(b)	Vir iedere 9,29 m ² , of gedeelte daarvan, van vloeroppervlakte by iedere verdieping van alle geboue, met inbegrip van platforms om goedere te laai, maar met uitsluiting van graansuierbakke en geboue wat onder (a) hiervan val, per maand	0,78
9.	Skoolkliniek, per maand.....	19,50
10.	Opvoedkundige instellings, koshuise deur opvoedkundige instellings bedryf, en liefdadigheidstehuise, vir iedere 25 leerlinge/bewoners, personeel en bediendes, of gedeelte daarvan, bereken volgens die maandelikse gemiddelde van ingeskrewe leerlinge/bewoners en persone in diens gedurende die vorige kalenderjaar, per maand	9,75
11.	Sportklubs, ten opsigte van terreine onder hul beheer, per klub per maand.....	9,75

DEEL II

ADDISIONELE KOSTE

Die hieronder gespesifiseerde koste moet betaal word deur die eienaars van die betrokke persele, behalwe, waar anders vermeld benewens die koste gespesifiseer onder Deel I ten opsigte van persele wat by die Raad se riole aangesluit is, as volg:

	R
1. Private woonhuise, vrystaande al dan nie, met uitsluiting van woonhuise op persele van Spoornet en tronkpersele, per maand.....	10,01
2. Woonstelle uitsluitend vir woondoeleindes, vir iedere woonkamer, per maand.....	4,45
3. Woonstelle vir woondoeleindes en besigheidpersele onder een dak:	
(a) Vir iedere woonkamer, per maand	4,45
(b) Vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte by iedere verdieping beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue, per maand in ooreenstemming met Tariewe Nos. 7, 8 en 9.	
4. Losieshuise en/of huurkamerwonings en private hotelle gelisensieer om meer as ses persone te huisves, vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte by iedere verdieping, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue, per maand.....	1,34
5. Hotelle, klubs en biersale, gelisensieer kragtens die Drankwet, 1989, soos gewysig, vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte by iedere verdieping, met inbegrip van kelder- verdieping en buitegeboue, per maand.....	3,34
6. Hotelle en klubs, gelisensieer kragtens die Drankwet, 1989, soos gewysig, en besigheidpersele onder dieselfde dak:	
(a) Vir iedere 9,29 m ² , of gedeelte daarvan, van totale oppervlakte by iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir hoteldoeleindes, per maand	3,34
(b) Vir iedere 9,29 m ² , of gedeelte daarvan, van totale oppervlakte by iedere verdieping, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir klubdoeleindes, per maand	3,34
(c) Vir iedere 9,29 m ² , of gedeelte daarvan, van totale oppervlakte by iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes per maand in ooreenstemming met Tariewe Nos. 7, 8 en 9.	
7. Besigheidpersele wat nie anders geklassifiseer is nie, vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan van die totale oppervlakte by iedere verdieping, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, per maand	0,45
8. Kommersiële washuise, skoonmaak- en kleurinrigtings, ysfabrieke, mineraalwaterfabrieke, melkdepots, verversingskamers en melkerye, vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, by iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, per maand...	1,67
9. Fabrieke, werkwinkels, saagmeulens, kommersiële motorgarages, parkeergarages, geboue uitsluitend vir opbergdoeleindes gebruik en soortgelyke ondernemings wat nie anders geklassifiseer word nie, vir 9,29 m ² of gedeelte daarvan by iedere verdieping met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue beskikbaar vir besigheidsdoeleindes, per maand.....	0,45
10. Moutfabrieke meulens, produktebesighede en soortgelyke ondernemings wat nie anders geklassifiseer is nie, bestaande uit fabrieks-, meule-, besigheids- en opbergpersele:	
(a) Vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, by iedere verdieping beskikbaar vir fabrieks-, meule- en besigheidsdoeleindes, per maand	0,45
(b) Vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, by iedere verdieping beskikbaar vir droog- of uitloopdoeleindes, per maand.....	0,23
(c) Vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, by iedere verdieping beskikbaar vir opbergdoeleindes, per maand.....	0,23
11. Hospitale, verpleeg- en herstelinrigtings:	
(a) Vir iedere bed vir pasiënte beskikbaar, bereken volgens maandelikse gemiddelde van beddens vir vorige kalenderjaar, per maand.....	4,45
(b) Vir iedere personeellid en bediende, bereken volgens maandelikse gemiddelde van personeel en bediendes gedurende die vorige kalenderjaar in diens per maand.....	4,45
12. Tronk:	
(a) Vir iedere 10 gevangenes of gedeelte daarvan, bereken op die daaglikse gemiddelde aantal gevangenes gedurende die voorafgaande-kalenderjaar gehuisves, per maand	8,34
(b) Vir iedere personeellid, inwonend en nie-inwonend, bereken volgens die maandelikse gemiddelde gedurende die vorige kalenderjaar in diens, per maand	4,45
13. Kerke—vir iedere kerk, per maand	16,68
14. Staatsgeboue, vir iedere Staatsdepartement:	
Hoofkantoor, per maand.....	66,72
Takkantore	16,68
15. Skoorkliniek, per maand.....	16,68

	R
16. Sale, waarvan inkomste verkry word, vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue, per maand.....	0,45
17. Sale, insluitende kerksale, waarvan geen inkomste verkry word nie, vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan met inbegrip van kelderverdieping en buitegeboue, per maand.....	0,23
18. Sportklubs, ten opsigte van terreine onder hulle beheer — per klub, per maand	10,01
19. Persele van Spoorwet:	
(a) Vir iedere woning, of huisie, vrystaande, al dan nie, per maand	10,01
(b) Vir iedere 9,29 m ² of gedeelte daarvan, van vloeroppervlakte by iedere verdieping van alle geboue, met inbegrip van platforms om goedere te laai, maar met uitsluiting van graansuierbakke en geboue onder (a) per maand.....	0,89
20. Opvoedkundige inrigtings en liefdadigheidstehuse, met uitsluiting van koshuise, vir iedere 25 persone of gedeelte daarvan, bestaande uit personeel, bediendes en leerlinge/studente bereken volgens maandelikse gemiddelde van ingeskrewe leerlinge/studente en persone gedurende die vorige kalenderjaar in diens, per maand.....	8,34
21. Koshuise tesame met opvoedkundige inrigtings bedrywe vir iedere 25 persone of gedeelte daarvan, bestaande uit personeel, bediendes en leerlinge/studente, bereken volgens maandelikse gemiddelde van persone in diens en leerlinge/studente ingeskryf gedurende die vorige kalenderjaar, per maand	11,12

DEEL III

ANDER KOSTE

A. MUNISIPALE PERSELE

R

Vir munisipale persele met uitsluiting van persele vir woondoeleindes is die koste as volg vir iedere spoelkloset of urinaal of bak wat in sodanige persele geïnstalleer is, per maand.....

15,00

B. SWEMBADDENS

In elke geval wanneer die raad toestem om water uit 'n swembad in die stratriool van die Raad uit te laat. Die totale hoeveelheid wat uitgelaat word sal deur middel van berekening bepaal word

0,30 per kl

C. ANDER PERSELE

Persele wat nie gedek word deur klassifikasie onder Dele I en/of II en/of III nie, is onderworpe aan sodanige koste as wat die Raad beslis: Met dien verstande dat sodanige koste sover moontlik in ooreenstemming moet wees met die koste onder Dele I, en/of II en/of III.

DEEL IV

ALGEMEEN: REËLS AANGAANDE KOSTE

- Indien daar enige geskil ten opsigte van klassifikasie ontstaan, is die Raad se beslissing finaal.
